



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2012**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 80**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

---

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word NIE gepeenaliseer nie, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel-en taalfoute in langer antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. Geen punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die
  - rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is korrek = ✓ maar die
  - Rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = x
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vir die rede/motivering is VERKEERD = x en die rede/motivering/aanhaling verdien nie 'n punt nie ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MIT** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ...
- By vrae wat een feit of punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
  - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - Indien die feit/(e)/punt(e) met merkies aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, woorde daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word soveel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

**VRAAG 1: KOERANTARTIKEL**

“Hik ... hik... hoop dis nie wéér ’n rekord nie!”

[Aangepas en verwerk uit: *Die Burger*, 1 September 2011]

**VRAAG MEMORANDUM**

|      |   | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|------|---|------|----|----|-----------|
| 1.1  | Hy wou ophou hik./Om te probeer ophou hik./Om van sy hikkery ontslae te raak.   | 1    | 2  | 1  | 1         |
| 1.2  | 1.2.1 Onwaar  | 1    | 2  | 1  | 3         |
|      | 1.2.2 Dit/Die hikkery het self begin/gebeur./Hy kon nie (self) ophou hik nie. (al het hy hard probeer.)   | 1    | 2  | 2  | 3         |
| 1.3  | 1.3.1 Nee   | 1    | 2  | 1  |           |
|      | 1.3.2 Hy sê aanvanklik was dit niks eienaardigs nie.<br>OF<br>Hy het (net) ná drie dae hospitaal toe gegaan.  | 1    | 2  | 2  | 1         |
| 1.4  | Hy/Die dokters was verkeerd.<br>OF<br>Hy en die dokters was verkeerd.<br>OF<br>Die hikkery het nie opgehou nie. (soos hy/die dokters geglo het nie.)              | 1    | 2  | 3  | 3         |
| 1.5  | Sy moet sê dat die troue gekanselleer is.   | 1    | 2  | 1  | 1         |
| 1.6  | Hy kon nie gelyktydig eet, hik en sluk nie.   | 1    | 2  | 2  | 2         |
| 1.7  | onverklaarbaar  | 1    | 2  | 1  | 1         |
| 1.8  | Dit was nie rêrig ’n prestasie nie./Hy het nie probeer om ’n Guinness-wêreldrekord op te stel nie./Hy het nie daarvoor gewerk of geoefen nie./Dit het net gebeur. | 1    | 2  | 2  | 5         |
| 1.9  | D/Iemand anders het langer as Neville gehik.  | 1    | 2  | 1  | 1         |
| 1.10 | Hy weet nie vir hoe lank dit gaan aanhou/duur nie./Hy weet nie of dit sal stop nie.   | 1    | 2  | 2  | 3         |

[12]

**VRAAG 2: ADVERTENSIE**

STANDARD BANK E-PLAN

[Verwerk uit: *Rapport*, 25 Junie 2011]**VRAAG MEMORANDUM**

- 2.1 Dit is maklik/eenvoudig om te open OF gebruik OF verstaan.
- 2.2 C/Dit is onveilig om 'n groot bedrag geld by die OTM te onttrek. OF  
D/Dis beter om 'n paar onttrekkings van klein bedrae te maak.
- 2.3 Jy/n mens moet 'n saldo van R250 of meer hou.
- 2.4 Die woorde/opskrif/titel "Die kaart vir studente!!!" is in hoofletters geskryf/is vetgedruk/is onderstreep/trek die leser se aandag/Die uitroepetekens na die woorde, "Die kaart vir studente!!!", trek die leser se aandag.
- 2.5 Jy sal 'n geheime PIN hê.  
OF  
Jy sal 'n stopkaart hê.
- 2.6 2.6.1 JA/NEE (Verdien geen punt nie).
- 2.6.2 Motivering vir NEE (**Nee – verdien geen punt nie.**)
- Dit moedig mense/studente aan om geld te onttrek/spandeer.
  - Mense sal geld onttrek self as hulle dit nie nodig het nie.
  - Dit moedig mense aan om onnodige goed/alkohol/dwelms ens. te koop.
- (OF ENIGE SOORTGELYKE AANVAARBARE ANTWOORD.)
- Motivering vir JA. (**Ja – verdien geen punt nie.**)
- Studente het geld nodig.
  - Dit kos jou niks om hierdie geld te wen nie.
  - Jy betaal nie vir die kompetisie nie.
  - As studente geld nodig het, hoef hulle nie bang te wees om dit te onttrek nie.
- (OF ENIGE SOORTGELYKE AANVAARBARE ANTWOORD.)

| PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|------|----|----|-----------|
| 1    | 2  | 2  | 1         |
|      |    |    |           |
| 1    | 2  | 1  | 2         |
|      |    |    |           |
| 1    | 2  | 2  | 1         |
|      |    |    |           |
| 1    | 2  | 4  | 5         |
|      |    |    |           |
| 1    | 2  | 2  | 3         |
|      |    |    |           |
|      |    |    |           |
| 1    | 2  | 2  | 4         |

**[6]**

**VRAAG 3: ROLPRENT RESENSIE**

*How to steal 2 million.* [Verwerk en bygewerk uit: *Rapport*, 2 September 2011]

**VRAAG MEMORANDUM**

|   | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|------|----|----|-----------|
| 3.1 B/koppig is.  | 1    | 2  | 1  | 2         |
| 3.2 Sy beste vriend.  | 1    | 2  | 2  | 3         |
| 3.3 “om op die smal weg te wandel.”   | 1    | 2  | 4  | 5         |
| 3.4 ’n (Misdaad)riller/’n Misdaaddrama.   | 1    | 2  | 2  | 1         |
| 3.5 Sy/Charlie Vundla se eerste rolprent/fliek.   | 1    | 2  | 2  | 3         |
| 3.6 3.6.1 Onwaar  | 1    | 2  | 1  | 3         |
| 3.6.2 Dit het ’n paar verrassende wendinge./“Dit hou jou vas in ’n spanningsgreep.”   | 1    | 2  | 1  | 3         |
| 3.7 3.7.1 Nee   | 1    | 2  | 1  | 1         |
| 3.7.2 “’n ander plaaslike fliek”  | 1    | 2  | 2  | 1         |
| 3.8 Die ongerymdhede/swakhede in die draaiboek./Die raaiselagtige ontmoeting.   | 1    | 2  | 3  | 5         |
| 3.9 3.9.1 ’n Mening   | 1    | 2  | 1  | 4         |
| 3.9.2 Dit is wat iemand/die skrywer dink./Iemand ander sal anders/nie dieselfde oor die rolprent voel nie./Vir ander kykers sal die rolprent nie goed wees nie. | 1    | 2  | 2  | 4         |

[12]

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 4: WENKE VIR SUKSES IN GRAAD 12**

[Verwerk uit: Internet artikel: Graad 12-wenke vir sukses – WES-KAAP Onderwysdepartement.]

**ASSESSERINGSRIGLYNE****ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien 'n poging in potlood aangewend word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. 'n Opsomming in die verkeerde formaat MOET nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Indien die opsomming te kort is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Ignoreer die res van die opsomming.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. 'n Volsin het 'n werkwoord/werkwoorde.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Kandidate MOET die KORREKTE getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is en die kandidaat het nie die korrekte getal aangedui nie. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Kandidate wat die getal woorde na elke sin neerskryf in plaas van aan die einde van die opsomming, voer nie die opdrag uit nie en word met een punt gepenaliseer.

**PUNTETOEKENNING**

| ALGEMEEN                             | PUNTE   |
|--------------------------------------|---------|
| - Feite                              | 7       |
| - Taal                               | 3       |
| - Formaat verkeerd                   | Minus 1 |
| - Getal woorde nie aangedui/verkeerd |         |

| TAAL               | PUNTE |
|--------------------|-------|
| 1 – 3 feite korrek | 1     |
| 4 – 5 feite korrek | 2     |
| 6 – 7 feite korrek | 3     |

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

|    |           |
|----|-----------|
| F  | 7         |
| T  | 3         |
| Ft | -0        |
| W  | -0        |
|    | <u>10</u> |

| <b>Wenke vir leerders vir die eksamen</b>   |   |
|---|---|
| <b>Direkte aanhaling</b>  | <b>Aanhaling/Moontlike verwerking</b>   |
| 1. Die boek, <i>Wenke vir Sukses</i> is voorberei om jou te help om jou matriek deur te kom. Dit gee raad oor hoe om vir die eksamen voor te berei. Hier volg sommige belangrike wenke wat in dié waardevolle boek verskyn.   | Geen feit nie. Slegs 'n inleidende paragraaf.   |
| 2. Van die begin van die skooljaar is daar slegs 250 dae voor die finale eksamen. Dit sluit alle naweke en vakansies in. Begin om op die eerste dag te werk en werk elke dag. Stel teikens vir prestasie.   | Begin om op die eerste dag te werk./<br><br>Stel teikens vir prestasie.   |
| 3. Daar is baie leerders wat nie baie hard vir die eindeksamen geleer het nie, tog het hulle goeie uitslae aan die einde van hulle matriekjaar gekry. Die geheim is dat jy nie een skooldag moet misloop nie. Luister na jou onderwysers. Hulle het dit al vantevore gedoen en hulle sal jou help om sukses te behaal.        | Gaan elke dag skool toe/Moenie een skooldag misloop nie.<br><br>EN<br><br>Luister na jou onderwysers.                 |
| 4. Lees is 'n noodsaaklike vaardigheid wat jou lewe sal verander. Dit hou jou net nie ingelig nie, maar hou jou brein wakker. Leerders wat lees, vaar beter in die eksamens en hulle skryf ook beter skryfstukke. Lees daarom elke dag minstens eenduisend woorde. Lees alles wat jy in die hande kan kry akkuraat en vinnig. | Lees elke dag minstens eenduisend woorde./Lees alles wat jy in die hande kry akkuraat en vinnig.                      |
| 5. Skryf is mag, maar dit moet geoefen word. Ons word elke dag op grond van ons skryfwerk beoordeel – ons kan skrif gebruik om te inspireer, beïndruk, oorreed, gelukwens en liefde uit te druk. Skryf elke dag ten minste 400 woorde – op 'n versigtige, akkurate en interessante wyse.                                      | Skryf elke dag minstens 400 woorde. (Op 'n versigtige, akkurate en interessante wyse.)                                |
| 6. Handboeke is noodsaaklike studentegidse. Het jy 'n handboek vir elke vak? Maak seker dat jy een het en dat jy stelselmatig deur jou handboeke werk. Moenie vir jou onderwyser wag om alles te verduidelik nie. Kyk na wat jy in die jaar moet dek en beplan daarvolgens.   | Kry die nodige handboeke./Beplan jou werk wat jy in die jaar moet doen/dek./<br>Werk stelselmatig deur jou handboeke. |
| 7. Akademiese werk vereis konsentrasie en fokus. Jy moet elke dag besig wees met intensiewe, gefokusde, individuele akademiese werk. Daar is geen tyd vir iPod's, musieksentrums, die TV, en selfone nie. Op hierdie manier ontwikkel jy jou breinselle en al jou vriende sal jou beny.                                       | Doen daaglik intensiewe, gefokusde en individuele (akademiese) werk.  |
| 8. 'n Goeie atmosfeer is bevorderlik vir sukses. Omring jouself met positiewe, gelukkige mense wat wil hê dat jy sukses moet behaal. Jou gesin en vriende se steun sal in die komende 250 dae van groot belang wees.  | Omring jouself met positiewe en gelukkige mense./Omring jouself met mense wat wil hê dat jy sukses moet behaal.       |
| 9. Om jou matriek-eksamen te slaag, is nie so moeilik nie. Hoe goed jy in hierdie eksamen gaan vaar, hang af van hoe deeglik jy vir hierdie belangrike eksamen van die begin af voorberei het.  | Geen feit nie. Net 'n slotparagrafie.   |

**AFDELING C: TAAL****ASSESSERINGSRIGLYNE****WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punte te verdien.
- Die standaardvariant geld.

**SINSTRUKTURE**

- Die **ge-** moet as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Die **te** moet in verbinding met die infinitief as **twee woorde** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streektaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lei dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, hoef die hele sin nie uitgeskryf te word nie.
- Indien die opdrag lei dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

**VRAAG 5: STROKIESPRENT**

*How to steal 2 million.*

[Verwerk en bygewerk uit: *Rapport*, 2 September 2011]

**VRAAG MEMORANDUM**

|  | PUNT | LU | AS   | DENK-VLAK |
|--|------|----|--|-----------|
| 5.1 Pa sê aan die gesin dat <b>hulle</b> moet ry vóór die petrolprys styg. ✓   | 1    | 4  | 2: Gebruik indirekte rede korrek. Met of sonder <b>dat</b> . Vgw. 3 moet bly voor ww. ( <b>ry</b> ). <b>ons &gt; hulle</b> .   | 2         |
| 5.2 glo ✓  | 1    | 4  | 1: Gebruik verwarrende woorde korrek.  | 1         |
| 5.3 Oor ✓  | 1    | 4  | 1: Gebruik voorsetsel in vaste verbinding.   | 1         |
| 5.4 'n muis ✓ / (A)  | 1    | 4  | 2: Gebruik 'n wye verskeidenheid figuurlike taal soos vergelykings gepas.  | 1         |
| 5.5 Ma sê: “ <b>Ons</b> ✓ <b>het</b> ✓ net een dag op die kampeerterrein deurgebring.” ✓<br><br>(LW. EEN PUNT vir die korrekte gebruik vir al (4) die leestekens.) | 3    | 4  | 2: Gebruik direkte rede:<br>1 punt vir korrekte gebruik van vnw. <b>hulle &gt; ons</b> .<br>1 punt vir korrekte wo. <b>het</b> na vnw. <b>ons</b> (aan die begin die sin)<br>(LW. 1 punt vir die korrekte gebruik van al (4) die leestekens. | 2         |



**VRAAG MEMORANDUM**

|   | PUNT | LU | AS   | DENK-VLAK |
|---|------|----|--|-----------|
| 5.6 Nadat Pa na die nuus oor die radio geluister <b>het</b> , ✓ <b>het</b> hy sy gesin saamgeroep. ✓<br><br>(LW: minus 1 punt vir weglating van komma, net as kandidaat 2 punte verdien het.) | 2    | 4  | 2: Gebruik voegwoorde akkuraat. Begin met <b>nadat</b> (vgw. groep 3) hww. in 1ste sin <b>het</b> skuif na einde van 1ste sin na ww. <b>geluister</b> (1 punt) en hww. van 2de sin <b>het</b> skuif na begin van 2de sin.<br>-1 punt vir weglating van komma, <b>net as kandidaat 2 punte verdien het.</b> | 2         |
| 5.7 voëltjies ✓   | 1    | 4  | 2: Gebruik verkleiningsvorm korrek. <b>voëls &gt; voëltjies.</b>   | 1         |
| 5.8 Die gesin het <b>gestaan en luister</b> na Pa. ✓<br>OF<br>Die gesin het na Pa <b>gestaan en luister.</b> ✓  | 1    | 4  | 2: Gebruik verlede tyd korrek. <b>het</b> (hww.) eerste plek in sin + wwe. <b>gestaan en luister</b> voor of na voorsetselgroep.   | 2         |
| 5.9 Pa wil <b>nie meer</b> met die kinders praat <b>nie.</b> ✓  | 1    |    | 2: Gebruik ontkennde vorm korrek. Dubbele ontkenning. <b>nog &gt; nie meer</b> en <b>nie</b> aan einde van sin.  | 1         |
| 5.10 Die hele gesin <b>sal</b> ontsteld <b>wees</b> om vroeg te trek. ✓<br>OF<br>Die hele gesin <b>gaan</b> ontsteld <b>wees</b> om vroeg te trek. ✓  | 1    | 4  | 1: Gebruik toekomstige tyd korrek. <b>sal/gaan</b> na onderwerp en <b>wees</b> aan einde van sin voor infinitief.  | 1         |
| 5.11 matrasse ✓   | 1    | 4  | 1: Gebruik meervoude korrek.   | 1         |
| 5.12 <b>Waaroor</b> is Pa bekommerd? ✓<br>(Geen punt as vraagteken ontbreek nie.)   | 1    | 4  | 2: Gebruik vraagsinne korrek. Vraagwoord ( <b>waaroor</b> ) begin die vraag met vraagteken aan einde van sin.  | 2         |

[15]

## VRAAG 6: STROKIESPRENT

[Spotprent uit: *Beeld*, 10 Januarie 2011]

## VRAAG MEMORANDUM

|   | PUNT | LU | AS   | DENK-VLAK |
|---|------|----|--|-----------|
| 6.1 oortree ✓   | 1    | 4  | 1: Gebruik verwarrende woorde korrek.  | 1         |
| 6.2 geskokte ✓  | 1    | 4  | 2: Gebruik deelwoorde korrek. Verlede deelwoorde <b>geskok</b> > <b>geskokte</b>   | 2         |
| 6.3 Die polisieman vra vir Buntu hoekom <b>hy</b> ✓ so vinnig gery <b>het.</b> ✓  | 2    | 4  | 2: Gebruik indirekte rede korrek: vgw. 3 hww. <b>het</b> skuif na einde van die sin en <b>hy</b> > <b>hy</b> .                                   | 2         |
| 6.4 skreeuende ✓  | 1    | 4  | 1: Gebruik deelwoorde korrek. Teenwoordige deelwoord <b>skreeu</b> > <b>skreeuende</b> .   | 2         |
| 6.5 kwater ✓  | 1    | 4  | 1: Gebruik trappe van vergelyking korrek. Vergrotende trap kwaad > <b>kwater</b> .   | 1         |
| 6.6 Buntu het kwaad geraak aangesien Alicia nie <b>wou</b> luister nie. ✓   | 1    | 4  | 2: Gebruik voegwoorde akkuraat. <b>aangesien</b> vgw. 3 hww. <b>wou</b> skuif voor ww. <b>luister</b> aan einde van sin.                         | 2         |
| 6.7 liefdeslewe ✓   | 1    | 4  | 1: Vorm samestellings deur verbindingsklanke.  | 2         |
| 6.8 Die gevaarlike bestuurder <b>word</b> onmiddellik <b>deur</b> die polisieman <b>beboet.</b> ✓<br>OF<br>Die gevaarlike bestuurder <b>word</b> onmiddellik <b>beboet.</b> ✓<br>OF<br>Die gevaarlike bestuurder <b>word</b> onmiddellik <b>beboet</b> deur polisieman. ✓ | 1    | 4  | 2: Gebruik passiewe vorm gepas en korrek. Begin met voorwerp; <b>beboet</b> > <b>word ... beboet</b> en <b>deur die polisieman</b> is opsioneel. | 2         |
| 6.9 roekelose ✓   | 1    | 4  | 2: Gebruik die korrekte verbuiging van die b.nw.   | 1         |
| 6.10 erken ✓  | 1    | 4  | 1: Gebruik verwarrende woorde korrek.  | 1         |
| 6.11 blitsvinnig ✓  | 1    | 4  | 1: Gebruik intensiewe vorme korrek.  | 1         |

**VRAAG MEMORANDUM**

6.12 kilometer per uur ✓

6.13 Konstabel Gwavu, stop die vinnige motor! ✓  
 Stop die vinnige motor, Konstabel Gwavu! ✓  
 Stop die vinnige motor! ✓  
 Konstabel Gwavu, jy moet die vinnige motor stop! ✓  
 Jy moet die vinnige motor stop! ✓  
**(Geen punt as uitroepteken ontbreek nie.)**

6.14 Nee, die polisieman het nie Buntu gewaarsku nie./Nee, die polisieman het Buntu nie gewaarsku nie. ✓

6.15 Sy hou vas aan die motor./Sy wil nie die motor los nie./Die uitdrukking op haar gesig./Sy het 'n frons op haar voorkop./Haar oë is wawyd oop./Sy hou 'n kombuisgereedskap in haar hand./Sy wil haar kêrel slaan. ✓  
**(Enige soortgelyke aanvaarbare antwoord.)**

| PUNT | LU | AS  | DENK-VLAK |
|------|----|---|-----------|
| 1    | 4  | 1: Gebruik 'n wye verskeidenheid alledaagse afkortings.   | 1         |
| 1    | 4  | 2: Gebruik verskillende sinsoorte. Bevelsin begin met ww. of sonder ww.<br><b>Uitroepteken aan die einde van sin.</b> | 2         |
| 1    | 4  | 1: Gebruik die ontkennde vorm (nie ... nie) Nul indien een <u>nie</u> ontbreek.                                       | 2         |
| 1    | 4  | 2: Interpreteer grafiese teks.  | 2         |

**[16]**

**VRAAG 7: LESER SE BRIEF**[Verwerk en bygewerk uit: *Vrouekeur*, 10 Junie 2009]**VRAAG MEMORANDUM**

|  | PUNT | LU | AS  | DENK-VLAK |
|--|------|----|---|-----------|
| 7.1 (Na) die tydskrif./<br><i>Vrouekeur</i> ✓  | 1    | 4  | 3: Verduidelik geïmpliseerde betekenis.   | 1         |
| 7.2 Ek koop altyd <i>Vrouekeur</i> . ✓   | 1    | 4  | 2: Gebruik ontkennde vorm korrek. Negatief > positief (sonder <b>nie + nie</b> )  | 1         |
| 7.3 verkoop ✓  | 1    | 4  | 1: Gebruik antonieme korrek. <b>koop</b> > <b>verkoop</b> .   | 1         |
| 7.4 C./geld vir iets belangrik. ✓  | 1    | 4  | 2: Gebruik gepaste woordorde in sinne. Volgorde van bywoordelike bepalinge: <b>tyd, wyse en plek</b> .  | 3         |
| 7.5 tydskrifte ✓   | 1    | 4  | 1: Gebruik meervoude korrek.  | 1         |
| 7.6 Die vrou hoef <b>nie</b> verby die tydskrifrak te loop <b>nie</b> . ✓  | 1    | 4  | 2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief. Infinitief met <b>hoef nie ... te</b> + ww. ( <b>loop</b> ) + <b>nie</b> . (voltooi + dubbelnegatief). (Nul indien <b>om</b> ingesluit word.) | 2         |
| 7.7 Ek <b>blaai</b> die tydskrif oor en oor <b>deur</b> . ✓/<br>Ek blaai oor en oor deur die tydskrif. ✓                 | 1    | 4  | 2: Gebruik teenwoordige tyd korrek. <b>deurgeblaai</b> (skeibare ww.) <b>blaai</b> neem plek van <b>het</b> .   | 2         |
| 7.8 Die vrou lees deesdae die tydskrif daagliks van die begin tot die einde in haar slaapkamer. ✓                        | 1    | 4  | 2: Gebruik gepaste woordorde in sinne. Volgorde van bywoordelike bepalinge: <b>tyd, wyse en plek</b> .  | 1         |
| 7.9 (Alle) vroumense hou daarvan om te skinder./Vroumense is skinderbekke./Vroumense hou van skinderstories/praatjies. ✓ | 1    | 4  | 3: Identifiseer stereotipering.   | 3         |

**[9]****TOTAAL AFDELING C: 40****GROOTTOTAAL: 80**